Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# VERBRUIKERSTUDIES MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

## VRAAG 1.1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | ~~A~~ | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.3 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.4 | A | ~~B~~ | C | D |
| 1.1.5 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.6 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.7 | ~~A~~ | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.9 | ~~A~~ | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.11 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.12 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.13 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.14 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.15 | A | ~~B~~ | C | D |
| 1.1.16 | A | ~~B~~ | C | D |

(16 x 1) 16

## VRAAG 1.2

| | |
|---|---|
| 1.2.1 | Cholesterol |
| 1.2.2 | Ensieme |
| 1.2.3 | Basale metaboliese |
| 1.2.4 | Jodium |
| 1.2.5 | Vitamien C/ Askorbiensuur |

(5 x 1) 5

## VRAAG 1.3

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | ~~A~~ | B | C | D | E | F | G |
| 1.3.2 | A | ~~B~~ | C | D | E | F | G |
| 1.3.3 | A | B | C | D | E | F | ~~G~~ |
| 1.3.4 | A | B | ~~C~~ | D | E | F | G |
| 1.3.5 | A | B | C | ~~D~~ | E | F | G |

(5 x 1) 5

## VRAAG 1.4

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | A | ~~B~~ | C | D | E | F | G |
| 1.4.2 | A | B | C | D | E | ~~F~~ | G |
| 1.4.3 | ~~A~~ | B | C | D | E | F | G |
| 1.4.4 | A | B | C | ~~D~~ | E | F | G |
| 1.4.5 | A | B | C | D | ~~E~~ | F | G |

(5 x 1) 5

## VRAAG 1.5

| |
|---|
| A |
| C |
| E |
| H |
| I |

**(ENIGE VOLGORDE)**

(5 x 1) 5

## VRAAG 1.6

| | |
|---|---|
| 1.6.1 | Beklemtoon |
| 1.6.2 | Oriëntasie |
| 1.6.3 | Verkeersvloei |
| 1.6.4 | Kapitaal |

(4 x 1) 4

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL** | **40** | |

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 2.1.1 **KBB**
Kontant by bestelling. ✓ Wanneer jy goedere koop volgens die kontant-by bestellingmetode, betaal jy vir die goedere wanneer die bestelling geplaas word. ✓ (2)

2.1.2 **KBA**
Kontant by aflewering. ✓ Hierdie is 'n metode van betaling vir dienste en goedere wanneer dit aan die koper afgelewer word. KBA laat jou om met aflewering te betaal in plaas van onmiddelik. ✓ (2)

2.1.3 **Finansiële inkomste**
Geld wat 'n persoon of gesin ontvang binne 'n spesifieke tydperk, ✓ bv. salarisse, lone, beleggings en huurgeld. ✓ (2)

2.2 **Noem die VIER faktore wat huishoudelike bestedingspatrone in Suid-Afrika beïnvloed.**

- Gesinsamestelling ✓
- Finansiële hulpmiddels en besteebare inkomste ✓
- Behoeftes ✓
- Ligging ✓
- Voorkeure ✓ (Enige 4 x 1) (4)

2.3 **Verduidelik wat internetbankdienste is (EFT of *electronic funds transfer*).**
Internet betalings verwys na die:

- oorplasing van geld van een bankrekening na 'n ander sonder om papiergeld te gebruik. ✓✓

**OF**

- gebruik van 'n persoonlike rekenaar vir bank of internet. ✓✓ (2)

2.4 **Stel VIER maniere voor hoe die Brown gesin hulle uitgawes kan verminder.**

- Die kinders kan minder sakgeld per dag kry. ✓✓
- Mev. Brown kan vir die kinders toebroodjies vir skool maak. ✓✓
- Mev. Brown kan minder op juweliersware en wegneemetes spandeer. ✓✓
- Mev. Brown kan haar wasgoed met die hand was in plaas van om dit na die wassery te neem.
- Mnr. Brown kan minder op speletjies spandeer.
- Die kinders kan tweemaal per maand na die bioskoop toe gaan.
- Enige aanvaarbare antwoord. (Enige 4 x 2) (8)

**[20]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Gee DRIE funksies van vesel.**

- Dit absorbeer water en maak stoelgange sag en '*bulky*'. ✓
- Stoelgang gaan gou deur die spysverteringskanaal; en voorkom dus hardlywigheid, kanker van die kolon en hemorroïdes. ✓
- Vesel verhoog die gevoel van versadigdheid en vertraag die gevoel van 'n leë maag. ✓
- Vesel help om die bloedglukosevlakke in 'n diabeet te beheer, ✓ omdat dit die opneem van glukose in die bloedstroom vertraag. ✓
- Dit speel 'n rol in die verlaging van bloedcholesterolvlakke aangesien dit met cholesterol in die spysverteringskanaal bind en dus voorkom dat dit geabsorbeer word en verlaag dus die risiko van hartvatsiektes/en sodoende koronêre hartsiektes verminder.
- Hou die spysverteringskanaal gesond.
- Hou stoelgange gereeld. (Enige 3 x 1) (3)

3.2 **Gee die effek van te veel proteïene op die liggaam.**

'n Dieet wat te veel proteïene bevat kan die volgende gevolge hê:

- 'n Verhoogde risiko tot hartvatsiekte, as gevolg van cholesterol en die versadigde vette wat in dierlike bronne van proteïene is (uitsluitende vis).
- Vetsug as gevolg van proteïenryke voedsels wat ryk is aan vet.
- Nierprobleme, as byprodukte van proteïenmetabolisme wat via die niere deur die liggaam uitgeskei word.
- Te veel proteïene mag die hoeveelheid kalsium wat die liggaam deur die urine uitskei, verhoog. (Enige 3 x 1) (3)

3.3 Voltooi die volgende tabel:

| Vit. | Funksies | Bronne | Simptoomtekorte |
|---|---|---|---|
| **A** | • Hou die vel gesond ✓<br>• Belangrik vir goeie visie (sig) ✓<br>• Verhoog die vermoë om in swak lig te sien<br>• Verantwoordelik vir die instandhouding van die epiteelweefsel aan die binnekant van die oë en ooglede, die longe-voering en asemhalingstelsel<br>• Belangrik vir 'n sterk immuunstelsel<br>• Verseker normale groei en ontwikkeling<br>• Help die liggaam met die immuunfunksie<br>• Anti-oksidant<br>• Help die liggaam se reproduksiesisteem | • Lewer ✓<br>• Volroommelk ✓<br>• Eiergeel<br>• Geel en donkergroen blaargroente groente en vrugte (bv. wortels, spinasie, brokkoli, mango's)<br>• Margarien<br>• Botter<br>• Appelkose | • Mees belangrikste oorsaak van blindheid in die ontwikkelende wêreld ✓<br>• Nagblindheid<br>• Droë, ongelyke vel<br>• Verlaagde weerstand teen infeksie<br>• Vertraagde groei in kinders<br>• Oë word ligsensitief<br>• Kopsere, naarheid en braking |
| | (Enige 2) | (Enige 2) | (Enige 1) |

(5)

3.4 **DRIE riglyne vir goeie voeding vir bejaardes.**

- Vier of vyf kleiner maaltye is makliker hanteerbaar as drie groter etes. ✓
- Maaltye en versnaperings moet nutriënt-ryk, aantreklik en smaakvol wees. Tekstuur is belangrik. ✓
- ʼn Goeie voorraad van bevrore voedsel het ʼn lank raklewe want dit is moeilik vir hulle om by winkels uit te kom. ✓ (3)

3.5 3.5.1 **Funksies van water**

- ʼn Groot deel van bloed bestaan uit water.
- Bloed vervoer $O_2$ en $CO_2$.
- Dit is die oplosmiddel waarin verteerde nutriënte geabsorbeer en vervoer word.
- Dit verwyder afvalstowwe van metabolisme d.m.v. urine en ontlasting.
- Dit hou die vel vogtig en sag.
- Dit smeer die liggaam se gewrigte en spiermembrane.
- Dit reguleer die liggaamstemperatuur deur sweet.
- Ensieme in die verteringstelsel word deur die speeksel (in die mond), die maagsappe (in die buik), gal en ingewandsappe deur die liggaam vervoer.
- Dit beskerm die sentrale senustelsel. (Enige 4 x 1) (4)

3.5.2 **Watertekort**

- Gekonsentreerde urine, verminder sweet, hardlywigheid en waterretensie.
- Moegheid, kopsere en verteringsprobleme
- Ontwatering
- Duiseligheid
- Verswakking
- Uiteindelik hartversaking (Enige 3 x 1) (3)

3.6 **Noem TWEE voedsels (bronne) wat hoog is in cholesterol.**

- Eiergele ✓
- Orgaanvleis – lewer ✓ (2)

3.7 3.7.1 **Foliensuur**

- Dit is nodig vir die ontwikkeling van die plasenta ✓ en die fetus ✓ om senuwee-buisdefekte te voorkom. ✓
- Dit is nodig vir die ontwikkeling van ʼn baba se selle en die korrekte ontwikkeling van die brein en senuweestelsel.
- ʼn Tekort aan foliensuur kan tot ʼn miskraam, ʼn voortydige geboorte of die ontwikkeling van *spina bifida* (ʼn neurale buisdefek in babas lei).

(Enige 2 x 1) (2)

3.7.2 **Vitamien $B_6$**

- Is nodig vir die sintese van nie-essensiële aminosure wat nodig is vir groei. ✓✓ (2)

3.8 3.8.1 **Potensiële gevaarlike bestanddele**

- Hoenderborsies ✓
- Maaskaas ✓
- Room ✓
- Cheddarkaas
- Eiers (Enige 3 x 1) (3)

3.8.2 **Waarom die bogenoemde bestanddele potensieel gevaarlik is.**

- Neutrale pH ✓
- Ryk in proteïene ✓
- Medium-hoë voginhoud (Enige 2 x 1) (2)

3.8.3 **Stel geskikte voorsorgmaatreëls voor wat in plek gesit moet word om verseker dat die hoenderkaaskoek veilig is om te eet**.

- Koop van winkels met goeie reputasie. ✓
- Kyk na die verkoopdatum en gebruikdatum. ✓
- Moenie bestanddele in warm motor hou nie/vervoer in koelsakke. ✓
- Pak bestanddele onmiddellik weg en stoor korrek, byvoorbeeld hoender, kaas en room in die yskas. ✓
- Werk met skoon hande/skoon apparate/skoon werkoppervlakte/goeie persoonlike higiëne. ✓
- Moenie dieselfde ongewaste kapplank vir hoender en ander bestanddele gebruik nie. ✓
- Volg die resep en bak vir die voorgestelde tyd by die regte temperatuur/die gereg moet ŉ interne temperatuur van 72 °C bereik. ✓
- Hou in die yskas tot bediening. ✓
- Gebruik skoon hande en apparate vir bediening.
- Bedien en verwyder vanaf warm bord.
- Hou rou en gekookte voedsel apart.
- Wees versigtig om voedsel te plaas waar dit drup soos rou hoender, na aan ander voedsel in die voedseltrollie of yskas.
- Gebruik een kapplank vir rouvleis, pluimvee en seekos en ŉ aparte een vir groente. (Enige 8 x 1) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Gee advies om klere vir ’n driehoekige liggaamsvorm te kies.**

| Ontwerpelement | Ontwerpbeginsels | |
|---|---|---|
| • Gebruik horisontale lyne bokant die middel en skouerkussings om breedte te skep<br>• Gebruik donker kleure en growwe teksture wat nie die aandag na die onderlyf trek nie<br>• Vrouens moet klokvorm rompe dra wat die heupe smaller vertoon<br>(Enige 2 x 1) | • Beklemtoon die bolyf<br>• Vermy aandag op die middellyf en onderlyf<br>• Pas formele balans toe<br>• Dra lang dubbelbors-baadjies wat onder die heupe eindig<br>(Enige 2 x 1) | (4) |

4.2 4.2.1 **Rooi (met ’n lae waarde)**
Sal die figuur groter laat vertoon. (1)

4.2.2 **Groen (met ’n hoë waarde)**
Sal die figuur kleiner laat vertoon. (1)

4.3 **Ritme**

4.3.1 **Verduidelik die ontwerpbeginsel *ritme*.**
- Dit laat die oog van een kant na ’n ander beweeg.
- Ritme skep die gevoel van beweging. (2)

4.3.2 **Noem DRIE maniere hoe ritme verkry kan word.**
- Herhaling ✓
- Progressie of gradering ✓
- Afwisseling ✓
- Alternatiewelike lyne ✓ (Enige 3 x 1) (3)

4.4

| Skets | Tipe of balans | Effek op die liggaam |
|---|---|---|
| **A** | Formele/simmetriese balans ✓ | Beklemtoon die figuurafwykings ✓ |
| **B** | Informele/asimmetriese balans ✓ | Verbloem die figuurafwykings ✓ |
| **C** | Straalbalans/radiale balans ✓ | Vestig die aandag op die gordel ✓ |

(6)

4.5 4.5.1 **Gladde teksture** – reflekteer lig ✓ en trek die aandag ✓ (2)

4.5.2 **Growwe teksture** – absorbeer lig, ✓ en maak die objek minder opvallend ✓ (Enige 1) (1)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1

| Tipe plan | Beskrywing | Twee voordele | Twee nadele |
|---|---|---|---|
| **Oop-plan** | • In ʼn oopplan is die slaapkamer en badkamer geslote, terwyl die res van die huis ʼn groot spasie is met een area wat in ʼn ander vloei. ✓✓<br>• ʼn Oopplan bied minimum vaste vloer-tot-plafon afskortings en maksimum buigsame groepsruimte | • Voorsien maksimum interaksie tussen mense. ✓<br>• Maak voorsiening vir ʼn verskeidenheid van aktiwiteite om in dieselfde vertrek plaas te vind. ✓<br>• Skep ʼn gevoel van ruimte<br>• Meer gemaklik en funksioneel vir mense met gestremdhede | • Kan baie raserig en besig wees ✓<br>• Die spasie kan te groot en leeg lyk ✓<br>• ʼn Gebrek aan privaatheid |
| | (Enige 1 x 2) | (Enige 2) | (Enige 2) |

(6)

5.2 **DRIE verbruikerverantwoordelikhede voordat jy meubels koop**

- Besoek winkels en kyk na alle moontlikhede. ✓
- Vergelyk die pryse van verskillende meubels by verskillende winkels. ✓
- Vergelyk jou begroting met die pryse (sluit in alle verborge kostes). ✓
- Lees die kontrak en die waarborg versigtig.
- Vind ʼn betroubare winkel wat jy kan vertrou.
- Stel ʼn begroting op en bly by dit.
- Kyk hoe die meubels gekonstrukteer is.
- Bepaal die winkel se terugneembeleid.
- Kry alle inligting of enige ooreenkoms skriftelik. (Enige 3 x 1) (3)

5.3 **Gee VIER riglyne om te oorweeg by die opstel van ʼn beligtingsplan vir ʼn huis.**

- Ligskakelaars moet by die oopmaak kant van die deur geplaas word. ✓
- Ingange, trappe en buitenshuis areas moet goed belig wees vir veiligheidsdoeleindes. ✓
- Goeie beligting is belangrik by werk en leesareas. ✓
- Algemene beligting met ligte bo werkoppervlakke in die kombuis.
- Algemene beligting en bedlampies word in slaapkamers gebruik.
- Badkamers moet baie goeie algemene beligting hê.
- Plafon en muurligte moet genoeg lig voorsien wanneer ʼn persoon deur ʼn vertrek loop om nie oor meubels te struikel nie.
- Ingange behoort goed verlig te wees en buiteligte behoort van buite af beheer te kan word. (Enige 4 x 1) (4)

5.4 **Vergelyk die eienskappe van hout en bamboes in die vervaardiging van meubels. Tabuleer jou antwoord as volg:**

| Eienskappe | Hout | Bamboes |
|---|---|---|
| **Versorging** | • Hou meubels weg van direkte sonlig ✓<br>• Gebruik altyd matjies onder glase, warm koppies of borde ✓<br>• Gebruik ʼn sagte lap wat met politoer natgemaak is om hout af te stof<br>• Moet nooit seep en water op houtmeubels gebruik nie<br>• Gebruik dieselfde politoer elke keer<br>• Hou water weg van hout<br>• Kan maklik versorg word as voorkom word dat hout uitdroog<br>(Enige 2 x 1) | • Liggewig, so maklik om te beweeg ✓ vir skoonmaak-doeleindes<br>• Maklik om skoon te maak ✓<br>• Stof gereeld met ʼn klein borseltjie af of stofsuig<br>• Hou meubels uit reën, direkte sonlig en dou<br>• ʼn Laag vernis, *shellac* of lak kan gebruik word<br>• ʼn Dun laag vloeibare politoer kan aangesmeer word na die nuwe afwerking droog – is, dit sal help om die glans te behou (Enige 2 x 1) |
| **Impak op die omgewing** | Hergebruik en herwinbare ✓ hout is ʼn hernubare produk-woude is volhoubaar (2) | Groei vinnig en kan jaarliks geoes word ✓✓ (2) |

(8)

5.5 **DRIE pakplekbeginsels**

- Stoor items in die area waar dit eerste gebruik gaan word. ✓
- Stoor items saam, wat saam gebruik gaan word en volgens die aantal kere wat jy dit gebruik. ✓
- Stoor gereelde gebruik items by die mees gerieflike hoogtes, wat gewoonlik die hoogte van die persoon wat dit gebruik, sowel as die gewig en grootte van dit. ✓
- Stoor items sodat jy dit maklik kan kry.
- Stoor items waar dit nie beskadig kan word nie en ook nie ʼn veiligheidsrisiko vir verbruikers is nie.
- Hou die pakplek buigbaar om dit aan te pas by die veranderde behoeftes.
- Gebruik alle beskikbare ruimte.
- Gebruik meerdoelige stooreenhede soos verstelbare kaste of los stukke.
- Ingeboude stooreenhede help om ʼn kamer te isoleer teen koue, hitte en geraas.
- Ingeboude stooreenhede gebruik minder ruimte, want die bestaande mure, vloere en plafon van die kamer vorm deel van die struktuur.
- Swaar voorwerpe moet na aan die vloer geplaas word. (Enige 3 x 1) (3)

5.6 5.6.1 **DRIE basiese sones en waar hierdie aktiwiteite plaasvind.**

| Sones | Kamer |
|---|---|
| (a) Rus ✓ | Slaapkamer/Badkamer ✓ |
| (b) Werk ✓ | Kombuis ✓ |
| (c) Sosiaal ✓ | Woonkamer ✓ |

(6)

5.6.2 **Kommentaar oor die verkeersroete wanneer daar by die eetkamer van buite na die kombuis gekom word.**

- Die mees direkte roete moet beplan word langs een kant van ŉ kamer. ✓
- Die plasing van die meubels help met die verkeerspatroon. ✓
- Daar is genoeg spasie om vrylik te beweeg bv. geen obstruksies.
- Verkeer vloei wanneer daar van buite gekom word na die eetkamer deur die kombuis.. (Enige 2 x 1) (2)

5.7 **Oplossing vir haar probleem**

- Hou die meubels in verhouding met die kamer. Vermy groot, lywige stukke. ✓
- Rangskik meubels so na aan die muur om spasie in die middel te kry. ✓
- Moenie ŉ voorwerp soos byvoorbeeld ŉ koffietafel of ŉ mat in die leë spasie plaas nie. ✓
- Skep ŉ harmonieuse en ŉ gevoel van ruimte deur analogiese kleurkombinasie van ligte kleure vir mure en vloere.
- Verf die plafon wit en die vensters en vloerrame dieselfde kleur as die mure.
- ŉ Monochromatiese kleurskema in ligte skakerings is ideaal.
- Gebruik koel kleure.
- ŉ Gordynreling bokant die vensters sal ŉ illusie van een venster skep.
- Vermy helder stowwe met groot ontwerpe. Klein ontwerpe werk die beste.
- Gebruik spieëls om die illusie van ruimte te skep.
- Lae horisontale lyne het ŉ sterk verbredings-effek op ŉ kamer.
- Gebruik stroke muurpapier horisontaal in plaas van vertikaal om die groter te vertoon.
- Pas die grootte van die meubels by die grootte van die kamer. Meubels met lae lyne skep ŉ gevoel van ruimte.
- Sorg vir baie ligte en gebruik ligte om die plafon te beklemtoon. (Enige 4 x 1) (4)

5.8 **TWEE tipe lyne en illusie**

| Tipe van lyne | Effek |
|---|---|
| Horisontale lyne ✓<br>Vertikale lyne ✓ (2) | Skep ŉ illusie van breedte ✓<br>Skep ŉ illusie van hoogte ✓ (2) |

(4)

**[40]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 6.1.1 **Teikenmark** – dit is die persone wat die produk sal koop. ✓✓ (2)

6.1.2 **Standaardiseer** – aanhoudend sien dat die spesifieke 9 standaarde van kwaliteit behoue bly wanneer iets gemaak word. ✓✓ (2)

6.1.3 **Produkspesifikasie** – is ŉ skriftelike beskrywing van ŉ item, insluitend besonderhede van die grootte van die artikel en die voorkoms. ✓✓ (2)

6.2 **SES kernbemarkingsbeginsels**

- Produseer wat die kliënte wil hê ✓
- Analiseer mededingende voordeel ✓
- Teiken spesifieke markte ✓
- Skep winsgewende verkoopvolumes ✓
- Bou netwerke en verhoudings ✓
- Bevredig kliëntebehoeftes ✓ (6)

6.3 **Noem en bespreek die eerste DRIE stadia van die produk lewenssiklus**

- **Bekendstellingstadium:** ✓ Gedurende die stadium die produk is nuut en die kliënte is nie bewus daarvan nie. ✓
- **Groeistadium:** ✓ Die kliënte begin die produk aanvaar en verkope neem toe. Winste verhoog en daar is ŉ groter aanvraag na die produk. ✓ (Enige 1)
- **Volwasse stadium:** ✓ Die aanvraag vir die produk raak al hoe groter, maar teen ŉ stadiger pas, en bly uiteindelik dieselfde. Kliënte het die produk probeer en die verkope hang nou af op die vermeerdering van die bevolking of koopkrag. ✓ (Enige 1) (3 x 2) (6)

6.4 **VIER maniere om ŉ behoefte-analise te voltooi**

- Opname ✓
- Vraelyste ✓
- Waarneming ✓
- Persoonlike onderhoude ✓ (4)

6.5 6.5.1 **Berekening**

Gelyk breekpunt = vaste koste + wins
R120 ✓ ÷ wins ✓
R120 ✓ ÷ R12 ✓ (R15 – R3) ✓
Tien pakke moet elke week ✓ verkoop word om die kostes te dek ✓ en ŉ wins te maak. (6)

6.5.2 **Verduidelik waarom berekening van die gelykbreek ŉ voordeel vir die eienaar sal wees.**

- Die minimum hoeveelheid produkte wat moet verkoop word om gelyk te breek word bereken. ✓
- Die eienaar kan dan besluit om meer produkte te maak en te verkoop vir die spesifieke periode. ✓
- Indien nie, dan sal heroorweeg word. ✓ (3)

6.6 **Praktiese opsies**

**TEORIE VAN VOEDSELPRODUKSIE**

6.6.1 **DRIE maniere van voorkoming van klontvorming wanneer melktertvulsel voorberei word**

- Skei die styselgranules voordat die vloeistof verhit moet die meelblom, en mielieblom met koue melk gemeng word tot ŉ pasta. ✓
- Roer die mengsel aanhoudend totdat dit dik is en kook. ✓
- Meng die geklikste eiergele met ŉ bietjie warm styselmengsel voordat dit by die res van pot gevoeg word. ✓ (3)

6.6.2 **Kenmerke van suksesvolle *choux*-pasta**

- Die poffertjies het ŉ oneweredige bokant
- Hulle is goudbruin
- Hulle is sag as gevolg van die hoë vetinhoud
- Die binnekant van die poffertjie is hol en die holte kan duidelik gesien word as die poffertjie oopgesny word
- Die holte is droog
- Hulle het ŉ aptytwekkende neuterige smaak (Enige 3 x 1) (3)

6.6.3 **Hoe kan beskuitjies gepak word om dit vars en bros te hou?**

- Hou die soort koekie en die koste van die verpakking in gedagte wanneer jy die verpakking van die tuisgebakte koekies beplan.
- Bêre verskillende soorte koekies in aparte houers.
- Bêre sagte koekies in lugdigte houers.
- Verpak koekies in lae met waspapier tussenin om te voorkom dat hulle aanmekaar vassit.
- Bêre gevulde koekies en koekies met versiersel in ŉ enkellaag.
- Voer kartondose met foelie of plastiek uit om te voorkom dat koekies ŉ kartongeur absorbeer.. (Enige 3 x 1) (3)

## TEORIE VAN KLEDING

6.6.1 **Hoe om patroonmerke oor te dra op kleedstof**

- Merk die tekstielstof nadat dit gesny is en voordat die patroon van die uitgesnyde dele verwyder word.
- Merke toon hoe en waar die bekleedsel se dele aanmekaar gewerk moet word. Dit toon ook waar detail, soos sakke, knope, en waar knoopsgate geplaas moet word.
- Gebruik die merkmetode wat die mees doeltreffendste vir die weefstof sal wees en die posisie moet gemerk wees. In graad 10 het jy geleer hoe om die kleremakerkoolpapier, merkwiel, koppiespelde en kleremakerkryt te gebruik.
- Gebruik die kleremakermetode vir skeer en delikate bekleding en vir lente en veelkleurige stowwe waar ander metodes nie suksesvol sal wees nie.
- Gebruik dubbelsteek en gebruik terugsteke op die kolletjies en punte van *darts*, maar moenie die lus styf trek nie.
- Los die stukke tussen die terugsteke.
- Sny die stukke tussen die terugsteke en trek sagkens deur die papier.
- Trek die twee stukke materiaal van mekaar en sny die stukke.
- Die garingstukke van elke laag kleefstof sal nie maklik uittrek nie, en dit is 'n goeie metode om die kledingstukke te merk wat relatief lank sal neem om te werk soos geweefde kledingstukke.

(Enige 3 x 1) (3)

6.6.2 **Eienskappe van goeie stryk parswerk**

- Die oorspronklike tekstuur van die tekstielstof word behou.
- Daar is geen blink parsmerke op tekstielstowwe met 'n dowwe tekstuur nie.
- Daar is geen plooie of kreukels op gladde tekstielstowwe nie.
- Nate en pylnate is glad gepars op die stiklyn.
- Nate lê plat en trek nie op nie.
- Die rante van nate vorm nie riwwe aan die regte kant van die kledingstukke nie. (Enige 3 x 1) (3)

6.6.3 **Bespreek die versorging van die omkapmasjien**

- Borsel die gedeelte rondom die stikarea gereeld skoon met die voorsiene borsel sodat geen stof of tekstielstofdonse daar opgaar nie.
- Olie dele gereeld soos voorgeskryf word in die handleiding.
- Verander die naalde gereeld as dit gebuig of stomp is.
- Vervang die '*knife blades*' indien dit nie meer die kante gelyk sny nie. (Enige 3 x 1) (3)

## TEORIE VAN SAGTE MEUBLEMENT

6.6.1 **DRIE soorte gordyn bo-afwerkings**
- Eenvoudige, geplooide bo-afwerkings
- Bokant met potlood plooie
- Franse, driedubbel of saamgetrekte bokant
- Bokant met materiaallusse
- Bokant met ’n hulsel
- Bokaal geplooide bokante
- Handgemaakte bokant met boksplooie
- Skulpvormige kafeegordyne
- Bokant met ogies (Enige 3 x 1) (3)

6.6.2 **DRIE faktore wat oorweeg moet word wanneer tekstielstof vir kussings aangekoop word**
- Kies sterk, duursame, wasbare, robuus en slytwerende materiaal vir kussings wat baie gebruik gaan word
- Kyk vir kreukelvry, krimpvrye en vuilwerende kleedstofafwerkings
- Gebruik sy en wol kleedstof vir dekoratiewe kussings (3)

6.6.3 **Kleedstof benodig**
2,5 ✓ + (30 x 3) ✓ panele = 8,4 m ✓ kleedstof (3)

## TEORIE VAN BREI EN HEKEL

6.6.1 **Afkortings**
(a) gls – glipsteek ✓ (1)
(b) drp – draad rondom pen ✓ (1)
(c) aw – aweregs ✓ (1)

6.6.2

| Naalde | | Gebruike | |
|---|---|---|---|
| (a) | Kabelbreipenne | Die kinkel in die pen verhoed dat die steke afval ✓ | (1) |
| (b) | Dubbelpuntbreipenne | Breipenne word gebruik om sirkel vormige items soos sokkies te brei ✓ | (1) |
| (c) | Puntebeskermers | Voorkom skade aan die breipenpunte en keer dat steke afgly as jy breiwerk neersit ✓ | (1) |

6.6.3 **Die las van gare by hekelwerk**
- Moet nooit garing met ’n knoop las nie wol.
- Wanneer daar net ’n paar sentimeters oor is las dit aan die einde van die wol met die laaste steke wat nog gemaak moet moet word.
- Las die nuwe garing aan die einde van die ry. (3)

**TEORIE VIR PRODUKSIE VAN HANDLASLAP EN KWILTWERK**

6.6.1 **Redes waarom katoen geskik is**
- Katoen stik maklik ✓
- Was maklik ✓
- Stryk maklik ✓ (3)

6.6.2 **Doel van watteersel (*batting*)**?
- Dit gee dit dimensie ✓
- Dit gee warmte ✓
- Dit gee isolasie ✓ (3)

6.6.3 **Doel van etikettering**
- Verskaf inligting ✓
- Verskaf inligting aan die verbruiker ✓
- Dit verskaf inligting oor hoe die artikel versorg moet word ✓ (3)

**[40]**

**TOTAAL: 200**